(3) Die Raad kan na goeddunke enige aansoek toestaan of weier en hy hoef nie redes vir sy beslissing te verstrek nie, maar hy moet, wanneer hy ’n aansoek toestaan of weier, die volgende faktore in aanmerking neem: die getal aansoeke wat ontvang is teen die sluitingsdatum wat by artikel 112 vasgestel is; die wenslikheid daarvan om in die openbare belang die getal dae waarop straatkollettes gehou kan word, te beperk; die ondersteuning wat die onderskeie applikante van die publiek geniet soos blyk uit die bedrae wat tydens vorige kollekties ingesamel is; die geldmiddele van die applikant; of ’n applikant-organisasie gestig is en inderdaad besig is om in die eerste plek in plaaslike behoeftes te voorsien, al dan nie; of ’n nasionale organisasie waarby ’n plaaslike organisasie geaffilieer is, sy hoofkantoor in Johannesburg het of elders; of ’n nasionale organisasie en ’n plaaslike organisasie wat daarby geaffilieer is, albei aansoek gedoen het om in dieselfde straatkollektejaar straatkollettes te hou; die doel waarvoor die opbrengs uit ’n straatkollekte aangewend gaan word; of ’n aansoek laat gedoen is; enige vorige versuim van ’n applikant om ’n vergunde straatkollekte te hou; enige versuim om aan een of ander bepaling van hierdie verordeninge te voldoen, en alle ander omstandighede of oorwegings wat na die mening van die Raad wesentlike betrekking op ’n aansoek het of ter sake is.

(4) Die Raad kan na goeddunke ’n aansoek aanvaar wat na die sluitingsdatum voorgelê word, asook ’n aansoek ten opsigte waarvan die bepalings van artikel 112 nie volkomne nagekom is nie.

(5) Die Raad kan by ontvangs van ’n aansoek bykomende dokumentêre of ander bewys van die applikant se geldsake eis.

(6) Wanneer die Raad toestemming verleen om ’n straatkollekte te hou, kan hy voorskryf in watter gebiede die kollekte gehou kan word; in watter gebied dit nie gehou mag word nie en op watter plekke die kollektante kan kollekteer nie mag kollekteer nie.

Aansoek om toestemming.

112. (1) Iedere aansoek om toestemming ingevolge die bepalings van artikel 111 moet in die kalenderjaar wat die straatkollektejaar waarin die straatkollekte gehou gaan word, onmiddellik voorafgaan, uiters op die 30ste dag van November of enige ander datum wat die Raad bepaal, voorgelê word; dit moet voorts deur die voorstaller of die sekretaris van die applikant of, as daar meer as een applikant is, deur die voorstaller of die sekretaris van elkeen, of anders deur enige ander gemagtigde beampete of gemagtigde beampetes onderteken wees, en die besonderhede wat in subartikel (3) aangegee word, moet op ’n vorm wat van die Raad verkry moet word, ingeval word: Met dien verstande dat ’n organisasie, persoon of groep persone aan wie daar kragtens artikel *agt* van die Wet skriftelik toestemming verleen is om bydraes in te samel, te eniger tyd aansoek om toestemming kan doen.

(2) Iedere organisasie moet, voordat hy ’n aansoek ooreenkomsdig die bepalings van hierdie artikel voorlê, ’n ouditeur benoem.

“Council” includes the Management Committee of the Council acting under the powers delegated to it in terms of section *fifty-eight* of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960;

“organization” means any body of persons, whether corporate or unincorporated;

“street collection” means a collection of money in any public place for charitable or other objects;

“street-collection year” means the period of twelve months from the first day of April in one year to the thirty-first day of March in the following year.

Consent of the Council.

111. (1) No person other than a collector or a convener shall solicit any gift of money in any public place.

(2) No collection may be organized or held in any public place without the consent of the Council granted on application duly made in accordance with the provision of these by-laws.

(3) The Council may in its discretion grant or refuse any application and shall not be obliged to furnish reasons for any decision it may make, but in granting or refusing any application it shall have regard to the number of applications received by the closing date fixed in terms of section 112, to the desirability of limiting in the interests of the public the number of days on which street collections are permitted, to the extent of public support for the various applicants as evidenced by the amounts taken at previous collections, to the financial resources of the applicant, to whether or not any applicant organization is constituted to and does serve local needs primarily, to whether a national organization to which any local organization is affiliated has its head office in Johannesburg or elsewhere, to whether both a national organization and a local organization affiliated to it have applied for permission to hold street collections in the same street-collection year, to the objects for which the proceeds of any street collection are intended, to the lateness of any application, to any previous failure by an applicant to hold a permitted street collection, to any failure to comply with any one or more of these by-laws, and to any other circumstance or consideration which may seem to the Council to be material or relevant to any application.

(4) The Council may in its discretion accept any application that is lodged after the closing date and any application for which the requirements of section 112 have not been fully complied with.

(5) The Council on receipt of an application may call for additional documentary or other evidence of the finances of the applicant.

(6) When granting permission for a street collection the Council may prescribe the areas within which the collection may be held, the areas within which it may not be held and the points at which the collectors may or may not collect.

Application for Consent.

112. (1) Every application for a consent as required in terms of section 111 shall be submitted on or before the 30th day of November or any amended date the Council may decide of the calendar year immediately preceding the street-collection year in which the street collection is to be held, shall be signed by the chairman or secretary of the applicant or if there be more than one applicant by the chairman or secretary of each or failing them by any other authorized officer of officers, and shall state on a form to be obtained from the Council the particulars specified in sub-section (3): Provided that any organization, persons or group of persons to whom written permission to collect contributions has been granted under section *eight* of the Act may make such an application at any time.

(2) Every organization shall, before making an application in terms of this section, appoint an auditor.

(3) Die volgende besonderhede moet op die aansoekvorm, wat in subartikel (1) genoem word, verstrek word:

- (a) die naam van die organisasie namens wie daar aansoek gedoen word;
- (b) in voorkeurvolgorde, drie alternatiewe datums waarop die organisasie die straatkollekte sal wil hou;
- (c) of dit die voorneme is om in nie-Blanke-dorpe wat onder die Raad se gesag staan, te kollekteer;
- (d) die doel of doeleinades waarvoor die kollekte gehou gaan word of die fondse waarin die opbrengs uit die kollekte gestort gaan word;
- (e) indien daar namens twee of meer organisasies aansoek gedoen word om 'n straatkollekte tot hulle gesamentlike voordeel te hou, die verhouding waarin hulle die opbrengs gaan verdeel;
- (f) besonderhede van aftrekings van watter aard ook al wat moet geskied voordat die opbrengs uit die straatkollekte aan 'n organisasie toegewys word waf daarin deel gaan hê; en
- (g) die naam, adres en beroepsqualifikasies van die ouditeur van iedere sodanige organisasie.

(4) Iedere aansoek wat ingevolge hierdie artikel voorgelê word, moet vergezel gaan van—

- (a) die applikant se geouditeerde rekening- en balansstaat van sy vorige boekjaar en sodanige ander finansiële besonderhede in verband met die organisasie se werk gedurende sy vorige boekjaar wat nodig is om die juiste stand van die applikant se geldmiddele te kan bepaal en wat deur die ouditeur van wie daar in subartikel (2) melding gemaak word, as huis gewaarmerk moet wees, en
- (b) 'n afskrif van die organisasie se jongste jaarverslag, indien hy 'n jaarverslag uitreik; en
- (c) twee afskrifte van die applikant se statute indien dit nie al vantevore voorgelê is nie; en
- (d) die applikant se skriftelike toestemming dat alle bedrae wat ingevolge artikel 114 aan die Raad verskuldig is, ooreenkomsdig dié artikel van die deposito afgetrek kan word, en of
- (e) 'n registrasiesertifikaat, of 'n bewys daarvan, wat kragtens subartikel (3) van artikel *nege* van die Wet aan die organisasie uitgereik is, of
- (f) 'n skriftelike permit wat kragtens subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet aan die organisasie of aan enige persoon of groep persone uitgereik is; of
- (g) 'n stuk waarby die applikant verklaar dat die organisasie nie 'n welsynsorganisasie is soos dit by artikel *een* van die Wet omskryf word nie.

(5) Iedere toestemming wat na aanleiding van 'n aansoek kragtens hierdie artikel verleen word, moet skriftelik onder die hand van die Stadstesourier geskied, en is slegs geldig ten opsigte van die bepaalde kollekte waarop dit betrekking het.

Saamroepers en kollektante.

113. (1) Iedere organisasie moet, voordat hy 'n straatkollekte hou ten opsigte waarvan hy kragtens artikel 112 toestemming verkry het, iemand wat minstens een-en-twintig jaar oud is, skriftelik as saamroeper, aanwys, en nog so 'n persoon as plaasvervanger van die saamroeper, wat, as die saamroeper dit verlang, een of ander van die pligte wat by paragraaf (c) van subartikel (2) aan die saamroeper opgedra word, moet uitvoer.

(2) Dit is die saamroeper se plig om—

- (a) aan kollektante wat ingevolge subartikel (3) aangewys is, alle opdragte uit te reik wat ter nakoming van die bepalings van hierdie verordeninge met betrekking tot straatkollektes, asook die opdragte wat die Raad ooreenkomsdig die bepalings van hierdie verordeninge in verband met die straatkollekte uitrek, nodig is;
- (b) die kollektebussies wat die Raad ooreenkomsdig artikel 114 verskaf, in ontvangs te neem; hulle aan dié kollektante wat hulself tot voldoening van die saamroeper kan identifiseer, uit te reik en om dié bussies ooreenkomsdig die bepalings van genoemde artikel terug te besorg; en
- (c) in die algemeen oor die straatkollekte toesig te hou of te laat hou.

(3) The following particulars shall be stated on a form of application as mentioned in sub-section (1):—

- (a) The name of the organization on whose behalf the application is made;
- (b) in order of priority, three dates (in the alternative) on which it is desired to hold the street collection;
- (c) whether it is desired to collect in non-White Townships under the Council's jurisdiction;
- (d) the object or objects for which the collection is to be made or of the funds to which the proceeds of the collection are to be applied;
- (e) where application is made on behalf of two or more organizations to hold a street collection for their joint benefit, the proportions in which they are to participate in the proceeds;
- (f) details of any deductions of any kind whatsoever which are to be made before the proceeds of the street collection are allocated to any organization which is to participate therein; and

- (g) the name, address and professional qualifications of the auditor of each such organization.

(4) Every application submitted in terms of this section shall be accompanied by—

- (a) the audited statement of accounts and balance sheet for the applicant's last financial year and such other financial details to be certified as correct by the auditor referred to in sub-section (2) relating to the work of the organization during its last financial year as are necessary to establish the true state of the financial resources of the applicant; and
- (b) a copy of the last annual report, if any, of the organization; and
- (c) two copies of the applicant's constitution if not previously submitted; and
- (d) the written consent of the applicant to the deduction from the deposit made in terms of section 114 of all amounts owing to the Council in terms of that section; and either
- (e) any certificate of registration or a proof thereof issued to the organization under sub-section (3) of section *nine* of the Act; or
- (f) any written permission granted to it or to any person or group of persons under sub-section (1) of section *eight* of the Act; or
- (g) a certificate by the applicant that the organization is not a welfare organization as defined in section *one* of the Act.

(5) Every consent given on an application made under this section shall be in writing under the hand of the City Treasurer and shall be valid only in respect of the particular collection to which it relates.

Conveners and Collectors.

113. (1) Every organization shall, before undertaking a street collection permitted under section 112, appoint in writing a person of the age of at least twenty-one years to act as convener and another such person as alternate to the convener to discharge such of the duties imposed on the convener under paragraph (c) of sub-section (2) as the convener may require.

(2) The duties of a convener shall be as follows:—

- (a) To issue to collectors appointed under sub-section (3) all such directions as may be necessary to ensure compliance with the provisions of these by-laws relating to street collections and with any instructions given by the Council in respect of the street collection in terms of these by-laws;
- (b) to take delivery of the collection boxes supplied by the Council in terms of section 114 to issue them to such collectors as are able to establish their identity to the satisfaction of the convener and to return these boxes as required under that section; and
- (c) generally to supervise or cause to be supervised the conduct of the street collection.

(3) Iedere kollektant moet as sodanig benoem word by 'n magtigingsbrief wat aan hom by sy woon- of sy besigheidsadres gerig is en wat deur die saamroeper onderteken is, en waarin die datum van die straatkollekte waarvoor hy aangewys is, aangegee word; hy moet te alle tye wanneer hy kollekter of 'n funksie van 'n kollektant verrig, dié magtigingsbrief by hom hê en moet dit toon wanneer 'n gemagtigde beampete van die Raad hom vra om dit te doen.

(4) Niemand wat—

- (a) jonger as sestien jaar is;
- (b) binne die tien jaar wat die kollektedatum onmiddellik voorafgaan, weens 'n oortreding in verband met straatkollekte skuldig bevind is; of
- (c) binne die vyf jaar wat die kollektedatum onmiddellik voorafgaan skuldig bevind is weens 'n oortreding waarby bedrog of oneerlikheid van een of ander aard betrokke was,

mag as 'n kollektant aangewys word nie.

(5) 'n Saamroeper wat willens en wetens iemand wat in subartikel (4) genoem is, as 'n kollektant vir die straatkollekte waarvoor die saamroeper in dié hoedanigheid benoem is, aanstel of in diens neem of laat aanstel of in diens neem of toelaat dat dit geskied, begaan 'n misdryf.

(6) 'n Kollektant mag slegs geldgifte vra op die plek op die sypaadjie wat die saamroeper van tyd tot tyd aan hom toewys: Met dien verstande dat as dieselfde applikant die Raad se toestemming kragtens artikel 111 en sy skriftelike toestemming kragtens artikel 76 ter verkry het om 'n optog te hou waaraan minstens twintig motorvoertuie deelneem, waarvan elkeen 'n sierwa is of 'n tablo op het, die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie.

(7) 'n Kollektant wat—

- (a) 'n vals naam of adres verstrek aan die saamroeper wat hom aanstel; of
- (b) 'n kollektebussie gebruik wat nie deur die Raad vir straatkollektdoeleindes verskaf is nie; of
- (c) 'n kollektebussie vir 'n ander straatkollekte gebruik as dié waarvoor dit verskaf is; of
- (d) die bepalings van subartikel (6) oortree; of
- (e) geld op 'n openbare plek op 'n ander wyse in ontvangs neem as om dit deur die skenker in die kollektebussie wat die Raad verskaf het, te laat plaas of toe te laat dat hy dit doen; of
- (f) 'n bussie oopmaak, die seël daarop verwijder, of van die geld wat tydens 'n straatkollekte daarin geplaas is, daaruit haal; of
- (g) versuum of in gebreke bly om die kollektebussie wat aan hom verskaf is, deurentyd in sy besit te hou; of
- (h) versuum of in gebreke bly om binne sewe dae gevole te gee aan die saamroeper se skriftelike versoek wat aan hom by sy juiste woon- of besigheidsadres gerig en per vooruitbetaalde geregistreerde brief aan hom gestuur is, waarin hy aangesê word om die kollektebussie wat aan hom uitgereik is, terug te besorg, of
- (i) versuum om sy magtigingsbrief wat ooreenkomsdig die bepalings van subartikel (3) aan hom uitgereik is, te toon wanneer 'n gemagtigde beampete van die Raad hom versoek om dit te doen,

begaan 'n misdryf, en kan met hoogstens R100 (honderd rand) beboet word.

Kollektebussies.

114. (1) 'n Organisasie wat 'n straatkollekte hou, mag nie 'n kollektebussie gebruik wat nie deur die Raad vir die doel van die bepaalde kollekte verskaf is nie.

(2) Die applikant moet, voordat die Raad kollektebussies aan hom verskaf, vyf rand vir iedere vyftig bussies of 'n gedeelte van dié getal bussies wat verskaf word, by die Raad deponeer, en hy moet die skriftelike stukke waarby die saamroeper en sy plaasvervanger aangestel word en waarin onderskeidelik die saamroeper en sy plaasvervanger se volle naam en volledige besigheids- en woonadres aangegee word, voorlê.

(3) Every collector shall be appointed as such under a letter of authority, addressed to him at his residential or business address, specifying the date of the street collection for which he is appointed and bearing the signature of the convener, and at all times when he is collecting or carrying out any function of a collector he shall keep such letter of authority upon his person and produce it on the demand of any authorized officer of the Council.

(4) No person shall be appointed a collector who—

- (a) is under the age of sixteen years;
- (b) has within the ten years immediately preceding the date of the collection been convicted of any offence in connection with street collections; or
- (c) has within the five years immediately preceding the date of the collection been convicted of any offence involving fraud or dishonesty of any kind.

(5) Any convener who knowingly employs or engages as a collector any person referred to in sub-section (4) or knowingly permits or allows any such person to be employed or engaged as a collector for the street collection for which such convener has been appointed shall be guilty of an offence.

(6) No collector shall solicit any gift of money save from a place on the sidewalk from time to time assigned to him by the convener: Provided that when the same applicant has obtained from the Council its consent in terms of section 111 and its written permission in terms of section 76 ter to hold a procession of not less than twenty motor vehicles each of which is to carry a float or tableau, the provisions of this sub-section shall not apply.

(7) If any collector—

- (a) furnishes the convener who appoints him with a false name or a false address; or
- (b) uses any collection box which has not been supplied by the Council for the purposes of a street collection; or
- (c) uses any collection box for the purposes of a street collection other than that for which it was supplied; or
- (d) contravenes the provisions of sub-section (6); or
- (e) accepts any money in any public place save by causing or permitting the donor to place it in the collection box supplied by the Council; or
- (f) opens such a box, removes the seal therefrom, or removes therefrom any of the money placed therein during a street collection; or
- (g) fails or neglects to keep continuously in his possession the collection box supplied to him; or
- (h) fails or neglects to comply within seven days with any demand made by the convener addressed to him at his correct residential or business address and despatched by prepaid registered post requiring him to return the collection box supplied to him; or
- (i) fails on demand by any authorized officer of the Council to produce his letter of authority as required in terms of sub-section (3).

he shall be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding R100 (one hundred rand).

Collection Boxes.

114. (1) No organization may in conducting a street collection use any collection box which has not been supplied to it by the Council for the purposes of that particular collection.

(2) Before any such box is supplied by the Council, the applicant shall deposit with the Council five rand for every fifty boxes or part of that number of boxes so supplied, and the applicant shall submit the written appointments of the convener and the alternate to the convener on which shall be stated the full name and the business and residential addresses of the convener and the alternate to the convener respectively.

(3) Die deposito wat die applikant ingevolge subartikel (2) betaal, word aan hom terugbetaal wanneer die bussies aan die Raad terugbesorg word: Met dien verstande dat die volgende bedrae eers daarvan afgetrek kan word—

- (a) twee rand vir iedere bussie wat weggeraak het of beskadig is;
- (b) 'n boete van twintig sent per bussie vir iedere werkdag waarmee die tydperk wat by subartikel (4) vir die terugbesorging van die bussies voorgeskryf word, oorskry word.

(4) Die saamroeper moet uiters om 3.30 pm. op die kollektedag alle bussies wat vir die kollekte verskaf is, terugbesorg of laat terugbesorg, tensy die Raad onder die Stadstesourier se hand skriftelik toestemming verleen het dat dit later kan geskied; in die geval van bussies wat in nie-Blanke-dorpe gebruik word, kan die Raad by 'n brief wat deur die Stadstesourier onderteken is, 'n later datum vasstel waarop sodanige bussies of die gedeelte daarvan wat in die brief vermeld word, terugbesorg kan word.

(5) Bussies wat nie uiters om 3.30 pm. op die kollektedag terugbesorg is nie, mag nie voor 10 vm. op die daaropvolgende werkdag aan die Raad terugbesorg word nie.

Vlae en kentekens.

115. (1) Geen vertoonkaart, armband, vlag, kenteken of iets anders mag in verband met 'n kollekte aan die publiek vertoon of onder die publiek versprei word nie, tensy dit deur die Raad goedgekeur is.

(2) Aansoeke om die goedkeuring van die Raad ingevolge subartikel (1) moet minstens veertien dae voor die kollektedag ingedien word.

Ure vir straatkollektes:

116. 'n Straatkollekte mag nie voor 7 vm. begin of tot na 2.30 pm. aanhou nie, behalwe in gevalle waar hierdie tydperk by skriftelike toestemming van die Raad verleng is.

Opgawes moet versprek word.

117. (1) Die applikant moet voor iedere kollekte aan die Raad vir sy skriftelike goedkeuring 'n lys voorlê met die name en adres van iedereen wat op watter wyse ook al die geld wat na die kollekte uit die kollektetussies gehaal word, sal hanteer of vervoer of wat om een of ander rede toegang tot die geld sal hê, en moet ook 'n waarborg verstrek dat daar op geen tydstip minder as drie van dié mense sal wees wat aldus diens doen nie.

(2) Die saamroeper moet, uiters sewe dae na die kollektedag of binne sodanige langer tydperk as wat die Raad skriftelik toegestaan het, 'n opgawe op 'n vorm wat die Raad verskaf, by die Raad indien met vermelding van die amptelike nommer van iedere kollektetussie wat uitgereik is, die naam en adres van die persoon aan wie dit uitgereik is en die bedrag wat daarin gekollekteer is.

(3) Die applikant moet die bruto bedrag wat die straatkollekte opgelever het, op 'n vorm wat die Raad verskaf, invul, en dié vorm uiters sewe dae na die kollektedag of binne sodanige langer tydperk as wat die Raad skriftelik toegestaan het, terugbesorg.

T.A.L.G. 5/98/2.

Administrateurskennisgewing No. 109.] [10 Februarie 1965.
MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—STADSAAL-
VERORDENINGE.

Die Administrator publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken—

„huurder” iemand wat die aansoekvorm soos voorgeskryf in Bylae II by hierdie verordeninge geteken het;

(3) The deposit made in terms of sub-section (2) shall on the return of the boxes to the Council be refunded to the applicant subject to the deduction of—

- (a) two rand for every box lost or returned damaged;
- (b) a penalty of twenty cents a box for each working day by which the period laid down in sub-section (4) for the return of boxes is exceeded.

(4) Except where the Council under the hand of the City Treasurer otherwise agrees in writing, the convener shall return or cause to be returned to the Council at or before 3.30 p.m. on the day of the collection all boxes supplied therefor.

The Council may, in respect of boxes used in any non-White Township, specify by letter under the signature of the City Treasurer a later date on which such boxes of such number of them as may be specified in the letter may be returned.

(5) Boxes not returned at or before 3.30 p.m. on the day of the collection may not be returned to the Council before 10 a.m. on a subsequent working day.

Flags and Badges.

115. (1) No display card, armband, flag, badge or other article which has not been approved by the Council may be exhibited or distributed to the public in connection with any collection.

(2) Applications for the approval of the Council in terms of sub-section (1) shall be made not less than fourteen days before the day of the collection.

Hours of Street Collections.

116. Save where the Council has otherwise permitted in writing, no street collection shall be begun before 7 a.m. or be continued after 2.30 p.m.

Returns to be Submitted.

117. (1) Before every collection the applicant shall submit to the Council for its approval, to be signified in writing, the names and addresses of every person who will be in any way handling or conveying or for any reason have access to the money removed from the collection boxes after the collection accompanied by an undertaking that at no time will there be less than three of these persons on duty.

(2) Not later than seven days after the day on which the collection was held, or within such extended time as the Council may in writing allow, the convener shall submit to the Council on a form supplied by the Council a statement showing in respect of each box issued the official number displayed thereon, the name, address and signature of the person to whom it was issued and the amount of money collected in it.

(3) Not later than seven days after the date of the collection or within such extended time as the Council may in writing allow, the applicant shall notify the Council, on a form to be supplied by it of the gross amount of money collected.

T.A.L.G. 5/98/2.

Administrator's Notice No. 109.] [10 February, 1965.
KRUGERSDORP MUNICIPALITY.—TOWN HALL
BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

1. For the purpose of these by-laws, unless the context otherwise indicates—

“caretaker” means the person appointed by the Council from time to time to take care of the hall;

„saal” die saal of enige afdeling daarvan genoem in die aansoekvorm wat by hierdie verordeninge voorgeskryf is en omvat alle fasilitete wat nie by hierdie verordeninge en die Bylaes uitgesluit word nie; „Raad” die Stadsraad van Krugersdorp of enige beampete of werknemer van daardie Raad aan wie die Raad enige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie verordeninge kragtens die bepalings van artikel *agt-en-vyftig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, gedelegeer het; „opsigter” iemand van tyd tot tyd deur die Raad aangestel om toesig oor die saal te hou.

2. Die Raad behou die reg voor om te weier om die saal te verhuur, asook om enige bespreking daarvan te kanselleer indien die verrigting nie deur die Raad goedgekeur word nie of as die saal vir doeleindest nodig is wat, na die mening van die Raad, voorkeur moet geniet, en in sodanige geval is geen vergoeding deur die Raad aan die huurder betaalbaar vir enige verlies wat hy weens sodanige kansellasie ly nie.

3. Geen saal mag aan enige Asiaat, Bantoe of Kleurling of enige liggaaam wat sodanige persone tot lidmaatskap toelaat verhuur word nie, en geen huurder mag sodanige persone of liggame in die saal toelaat nie.

4. (1) Alle aansoeke vir die huur van 'n saal moet gedoen word op die vorm van Bylae II hiervan.

(2) Geen bespreking word gedoen nie tensy betaling van die volle huurgeld soos in Bylae I hierby uiteengesit tydens die aansoek om te bespreek betaal is, en geen kaartjies mag gedistribueer of publieke aankondiging gedoen word nie alvorens die bespreking aanvaar is.

(3) Geen saal word vir Geloftedag, Kersdag, Goeie Vrydag of Hemelvaartdag verhuur nie.

(4) Sonder die spesiale goedkeuring van die Raad word geen saal vir meer as drie agtereenvolgende dae bespreek nie.

5. 'n Huurder (hierna die eerste huurder genoem) word toegelaat om 'n bespreking een maal uit te stel sonder om sy huurgeld te verbeur, maar indien van die tweede bespreking nie gebruik gemaak word nie, word die huurgeld verbeur en die saal *de novo* bespreek: Met dien verstande dat indien van die tweede bespreking nie gebruik gemaak word nie en die saal aan 'n ander huurder vir daardie datum verhuur word, 'n terugbetaaling van huurgeld aan die eerste huurder gemaak word: Voorts met dien verstande dat indien die bespreking deur die Raad gekanselleer word omdat die saal vir doeleindest nodig is wat, na die mening van die Raad, voorkeur moet geniet, die huurgeld ten volle terugbetaalbaar word.

6. Aansoeke word afgehandel in die volgorde waarin hulle ontvang word.

7. Die Raad is onder geen omstandighede verantwoordelik of aanspreeklik nie ten opsigte van—

- (a) enige skade of verlies wat deur enigiemand gely word as gevolg van enige defek in die elektriese installasie of as gevolg van enige tekortkoming in of onderbreking van die kragtoevoer na die saal;
- (b) enige skade of verlies aan enige eiendom, artikels of dinge wat ook al met die huurder of enigiemand op die perseel plaas of laat vir sy gebruik of doel, of enige besering van enige persone of beskadiging of verlies van die klere van sodanige persone wat die perseel betree of gebruik maak van die toerusting of gehuurde persele nie, en deur ondertekening van die aansoekvorm soos in Bylae II uiteengesit, vrywaar die huurder die Raad ten opsigte van enige eis wat enige persoon of persone op watter grond ook al instel;
- (c) enige verlies aan die huurder as gevolg van 'n onderbreking of gebrek in die masjinerie, toestelle of uitrusting vir die verligting van die gehuurde perseel, of van enige ander masjinerie, toestelle, of uitrusting, hoe ook al veroorsaak.

8. Die kleedkamers is onder die toesig en in die bewaring van die huurders wat self hulle oppassers moet verskaf en aanspreeklikheid aanvaar vir enige fout of verlies wat vooroorstaan.

“Council” means the Town Council of Krugersdorp or any officer or employee of that Council to whom the Council has delegated any of its functions under these by-laws in terms of the provisions of section *fifty-eight* of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960;

“hall” means the hall or any section thereof mentioned in the form of application prescribed in these by-laws and includes all facilities which are not excluded by these by-laws and the Schedules;

“hirer” means the person who has signed the form of application prescribed in Schedule II to these by-laws.

2. The Council reserves the right to refuse to let a hall and also to cancel any booking thereof if the entertainment be not approved by the Council or if the hall is required for any purpose which, in the opinion of the Council, should take precedence and in such case no compensation shall be payable by the Council to the hirer for any loss which the hirer may suffer by reason of such cancellation.

3. No hall shall be let to any Asiatic, Bantu or Coloured person or any body which admits such persons to membership, and no hirer shall admit such persons or bodies to the hall.

4. (1) All applications for the hire of a hall shall be in the form of Schedule II hereto.

(2) No reservation shall be made unless the full rental as prescribed in Schedule I hereto is paid at the time of application for reservation, and no tickets shall be distributed or any public announcement made until the reservation has been made.

(3) No hall shall be let for the Day of the Covenant, Christmas Day, Good Friday or Ascension Day.

(4) No hall shall be reserved for more than three successive days without the special consent of the Council.

5. A hirer (hereinafter referred to as the first hirer) shall be permitted to postpone a reservation on one occasion without forfeiting his rental, but should he not make use of the second reservation such rental shall be forfeited to the Council and the hall shall be reserved *de novo*: Provided that if no use is made of the second reservation and the hall is let to any hirer for that day a refund of rental shall be made to the first hirer: Provided further that should the reservation be cancelled by the Council on the ground that the hall is required for purposes which, in the opinion of the Council, should take precedence the rental shall be refunded in full.

6. Applications shall be dealt with in the order in which they are received.

7. Under no circumstances shall the Council be responsible or liable for—

- (a) any damage or loss sustained by any person owing to any defect in the electrical installation or owing to any insufficiency or interruption of the power supply to the hall;
- (b) any damage or loss of any property, articles or goods of whatsoever nature which the hirer or anyone else brings or leaves on the premises for his use or purposes, or any injury to any persons or damage to or loss of the clothing of such persons entering the premises or making use of the equipment of the hired premises and the hirer by signing the form of application prescribed in Schedule II indemnifies the Council in respect of any claim which any person or persons may institute against the Council on any ground whatsoever;
- (c) any loss suffered by the hirer as a result of any failure or defect in the machinery, appliances or equipment for the lighting of the hired premises or of any other machinery, appliances or equipment howsoever caused.

8. The cloakrooms shall be in the care and custody of the hirers who shall provide their own attendants and be responsible for any mistake or loss that may occur.

9. Die huurder is aanspreeklik vir enige breek- of ander skade wat ook al aan die saal, meubels, toebehore of enige ander eiendom van die Raad, wat tydens die huurtydperk ontstaan het. As die huurder bevind dat enige meubelstuk gebreklig is, dan moet hy die opsigter daarop attent maak voordat hy dit gebruik; by gebreke hiervan word daar geag dat alles in goeie orde is. Die huurder moet betaal vir enige artikel wat aan die Raad behoort en wat tydens of in verband met die verhuur van enige saal uit die kamers verlore raak of vermis word. Die Stadslerk kan na goeddunke vereis dat die huurder vooraf 'n deposito moet stort of 'n bankiersgaransie van hoogstens R100 moet verskaf om enige moontlike skade of verliese te dek. Ingeval die skade groter is as die voormalde bedrag is die huurder vir sodanige oorskryding aanspreeklik.

10. Enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die Raad besit die reg om te alle tye 'n saal, wat ingevolge hierdie verordeninge gehuur word, te betree.

11. Niemand mag—

- (a) enige muurversierings van watter aard ook al en geen binne- of buiteversierings, vlae, baniere, embleme, aanplakbiljette of kennisgewings of dergelyke artikels sonder die goedkeuring van die Stadslerk in of op enige deel van die saal vertoon nie;
- (b) enige aanplakbiljette of dergelyke advertensies by die ingang van die saal vertoon nie, behalwe op die spesiale aanplakbord wat deur die Raad daargestel is. Sodanige aanplakbiljette en advertensies kan op genoemde bord vertoon word vir hoogstens 14 (veertien) dae voor die verrigting waarvoor die saal gehuur word;
- (c) enige skroewe of spykers in of aan enige deel van die saal aanbring nie.

12. Niemand mag enige trapfiets of motorfiets in enige saal inbring nie.

13. Niemand mag in enige saal of vertrek rook nie wanneer 'n kennisgewing wat rook verbied daarin aangebring is.

14. (1) Die huurder moet toesien dat die saal ontruim word voor agtuur op die oggend wat volg op die verstryking van die huurtermyn van die saal. Hy moet die omgewing van die saal behoorlik skoonmaak en in dieselfde toestand laat as dié waarin dit gevind was.

(2) Indien die huurder die kombuis, die opwasplek of die bediendekamer gebruik moet hy toesien dat dit behoorlik skoon gemaak word voor agtuur op die oggend wat volg op die verstryking van die huurtermyn van die saal.

(3) Die huurder moet toesien dat alle goedere en dinge wat nie die eiendom van die Raad is nie, uit die gebou verwyder word voor agtuur op die oggend wat volg op die verstryking van die huurtermyn van die saal.

(4) Indien die huurder versuim om aan die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) te voldoen, kan die Raad dit doen en die koste van skoonmaak en verwydering van die huurder verhaal.

15. Indien breekgoed en/of eetgerei deur die Raad verskaf word, moet die huurder sy eie bediendes verskaf om bedoelde breekgoed en/of eetgerei te was, en sodanige huurder moet toesien dat die breekgoed en/of eetgerei in 'n skoon en bevredigende toestand terugbesorg word.

16. Geen meubels of artikels van watter aard ookal mag uit die saal wat die huurder gebruik, geneem word nie, tensy dit onder die regstreekse toesig van en met die toestemming van die opsigter gedoen word.

17. Na elke verrigting moet die saal deur die opsigter en die huurder of enigeen deur hom aangestel, geïnspekteer word om vas te stel watter skade veroorsaak is.

18. Die huurder is aanspreeklik vir alle reëlings in verband met die toelating van die publiek tot die saal, die verskaffing van inleiers, polisie en sodanige personeel as wat nodig is om die toelating van personeel tot die saal en die verkoop van kaartjies te beheer.

19. Elektriese verligtings- en dergelyke toestelle in die saal moet slegs deur die opsigter of ander goedgekeurde beampote wat die Raad benoem, gehanteer word.

9. The hirer shall be responsible for any breakage or damage of whatsoever nature to the hall, furniture, fittings or any other property of the Council occurring during the period of hiring. Should any article of furniture be found defective by the hirer he shall point out such defect to the caretaker before taking the article into use; failing which everything shall be deemed to be in proper order. Any articles belonging to the Council which may be lost or missing from the rooms during or in connection with the hirer of any hall shall be paid for by the hirer. The town clerk may, in his discretion, require the hirer beforehand to make a deposit of or to provide a banker's guarantee for an amount not exceeding R100 to cover any possible damage or loss. Should the damage exceed the amount of the guarantee the hirer shall be liable for such excess.

10. Any duly authorised officer of the Council shall be entitled at all times to enter a hall hired in terms of these by-laws.

11. No person shall—

- (a) display any mural decorations of any description or any interior or exterior decorations, flags, banners, emblems, posters or notices or similar articles in or on any portion of the hall without the approval of the Town Clerk;
- (b) display any posters or similar advertisements at the entrance to the hall except on the special display board provided by the Council for that purpose. Such posters and advertisements may be displayed on such board for not more than 14 (fourteen) days before the function for which the hall has been hired;
- (c) affix any screws or nails in or on any portion of the hall.

12. No person shall bring any cycle or motor cycle into any hall.

13. No person shall smoke in any hall or apartment wherein a notice prohibiting smoking is displayed.

14. (1) The hirer shall ensure that the hall is vacated by 8 a.m. on the morning following the expiry of the hire of the hall. He shall ensure that the precincts of the hall are properly cleaned and left in the same condition in which they were found.

(2) Should the hirer use the kitchen, scullery or the serving room he shall ensure that it is properly cleaned before 8 a.m. on the morning following the expiry of the hire of the hall.

(3) The hirer shall ensure that all articles and things not belonging to the Council are removed from the building by 8 a.m. on the morning following the expiry of the hire of the hall.

(4) Should the hirer fail to comply with the provisions of sub-sections (1), (2) and (3) the Council shall be entitled to do what is necessary and recover the costs of cleaning and removal from the hirer.

15. If crockery and/or cutlery is prohibited by the Council the hirer shall supply his own servants for the washing of such crockery and/or cutlery and ensure that the crockery and/or cutlery is returned in a clean and satisfactory condition.

16. No furniture or articles whatsoever shall be taken out of the hall used by the hirer except under the direct supervision of and with the permission of the caretaker.

17. After every function the hall shall be inspected by the caretaker and the hirer or someone deputed by him on his behalf for assessing any damage that may have occurred.

18. The hirer shall be responsible for all arrangements in connection with admission of the public to the hall, the provision of ushers, police and such staff as may be necessary to control the admission of persons to the hall and the sale of tickets.

19. Electric lighting and similar appliances in the hall shall be manipulated only by the caretaker or other authorised official appointed by the Council.

20. Te alle tye wanneer die gebruik van kookapparaat nodig is mag niemand enige ander apparaat dan die stopkontakte of stowe wat deur die Raad voorsien word, gebruik nie. Die gebruik van draagbare stowe waarin vloeibare brandstof gebruik word, word ten strengste verbied.

21. Waar die aard van 'n verrigting of vergadering in die gebou na die mening van die Stadsklerk die aanwesigheid van 'n brandweerman of brandweermannen wenslik maak, is sodanige aanwesigheid verpligtend en die huurder is verplig om die vordering vir sodanige aanwesigheid te betaal ingevolge die bepalings van die Raad se Verordeninge betreffende Licensies en Beheer oor Besighede (Hoofstuk 4).

22. (1) Enige verhuur ingevolge hierdie verordeninge word nie beskou as 'n verlening van enige toestemming van die Raad tot die uitvoering of vertoning van enige musikale of ander werk nie sonder die toestemming van die eienaar van die kopiereg daarvan in enige vorm met inbegrip van die reg van uitvoering. Die huurder is verplig om die toestemming van enige sodanige eienaar te verkry in sodanige mate as wat wettiglik vereis word en indien dit deur die Stadsklerk of ander gemagtigde beampie van die Raad van hom verlang word, moet hy op aanvraag tot voldoening van die Stadsklerk of sodanige ander beampie bewys lewer van die verlening van sodanige toestemming voor enige sodanige uitvoering of vertonings en by ontstentenis van die lewering van sodanige bewys, is die Raad geregtig om, tensy sodanige werk onmiddellik op sy eis aan uitvoering of vertoning onttrek word, die bespreking van die aldus gehuurde perseel op staande voet te kanselleer, en by skriftelike kennisgewing te dien effekte, word die reg van die huurder op die gebruik of verder gebruik van die saal onmiddellik beëindig en gestaak, en die Raad kan die huurder en sy bediendes of vergundes daarvandaan uitsluit en weier om toegang daartoe te verleen en is voorts nie aanspreeklik vir die terugbetaling of vergoeding van enige huurgeld wat vir die gebruik van die saal vooruitbetaal is of andersins nie.

(2) Deur ondertekening van die aansoekvorm in Bylae II uiteengesit, vrywaar die huurder die Raad en stel hy die Raad skadeloos van en teen enige vordering vir 'n geregtelike bevel, vir skadevergoeding of andersins en vir koste, met inbegrip van koste tussen prokureur en kliënt, wat teen die Raad ingestel kan word weens enige oortreding deur die huurder en deur enige agent, werknemer, kaartjiesagent of bediende van die huurder tydens die gebruik van die saal, waardeur afbreuk gedoen word aan die kopiereg, in enige vorm, van enige persoon of maatskappy en in die hou van enige uitvoering, werk of handeling daarin (met inbegrip van buitereklame en uitsaai).

(3) Wanneer programme van musiek of van werke wat uitgevoer moet word, voor 'n uitvoering gedruk word, moet twee eksemplare van sodanige gedrukte programme deur die huurder aan die end van sodanige uitvoering aan die opsigt oorhandig word, tesame met 'n lys in duplo van die gelewerde ekstra nummers. Waar daar 'n afwyking van die gedrukte programme is, moet die huurder sodanige afwyking op sodanige programme skriftelik aanbring ten einde die werklike musiek of werke aan te dui wat uitgevoer word. Waar daar geen programme van musiek of werke wat uitgevoer moet word, gedruk word nie, moet 'n volledige lys van die gelewerde musiek of werke, in duplo, deur die huurder na aarloop van die uitvoering aan die opsigt oorhandig word. Sodanige lysse moet aantoon (1) die titels van werke wat uitgevoer is; (2) hoeveel maal dit uitgevoer was; (3) 'n beskrywing daarvan; (4) die oueur; (5) die komponis; (6) die arrangeerder; en (7) die uitgewer.

23. Die Raad behou hom die reg voor om, voordat enige tentoonstelling, opvoering, vermaaklikheid, rolprent of ander vertoning in die openbaar gehou word, skriftelik 'n voorskou te eis wat vir alle Raadslede toeganklik is, ten einde vas te stel of dit onwenslik is om dit in die openbaar te hou en tensy sodanige voorskou toegestaan word en tot tyd en wyl die Raad se skriftelike goedkeuring tot so 'n publieke vertoning verleen word, word die huur as gekanselleer beskou, en geen vergoeding is deur die Raad aan die huurder betaalbaar vir enige verlies wat die huurder weens sodanige kansellasie ly nie.

20. At all times where the use of cooking apparatus is necessary no person shall use any apparatus other than the plugs or stoves provided by the Council. The use of portable stoves utilising liquid fuel is strictly prohibited.

21. Where, in the opinion of the town clerk, the nature of a function or gathering in the building renders the presence of a fireman or firemen desirable, such attendance shall be compulsory and the hirer shall be obliged to pay for such attendance in accordance with the provisions of the Council's By-laws relating to Licences and business Control (Chapter 4).

Alle persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaidepartement, Privaatsak 2063, Rustenburg, skriftelik in te dien.

D.P. 08-082-37/3/P/13.

Administrateurskennisgewing No. 129.] [10 Februarie 1965.
VERKLARING.—OPENBARE EN DISTRIKSPAD, DISTRIK KEMPTON PARK.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Germiston goedgekeur het dat die pad oor die plaas Modderfontein No. 35—I.R., distrik Kempton Park, ingevolge paragrawe (a) en (c) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), 'n Openbare en Distrikspad No. 2112, 50 Kaapse voet breed, sal wees, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-4/13/19.



D.P. 021-4/13/19

VERWYSING	REFERENCE
PAO GEOPEN BESTAANDE PAAIE	ROAD OPENED EXISTING ROADS

Administrateurskennisgewing No. 130.] [10 Februarie 1965.
VOORGESTELDE VERMINDERING VAN UITSPAN SERWITUUT OP DIE PLAAS PALACHOEMA NO. 64—H.O., DISTRIK SCHWEIZER RENEKE.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. M. W. Fels om die vermindering van die serwituut van uitspanning, 1/75ste van 2,164 morg 82 vierkante roede groot, waaraan Gedeelte 27 van die plaas Palachoema No. 64—H.O., distrik Schweizer Reneke, onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomsdig paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.


Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaidepartement, Privaatsak 928, Potchefstroom, skriftelik in te dien.

D.P. 07-074S-37/3/P.3.

Administrateurskennisgewing No. 131.] [10 Februarie 1965.
OPENING.—OPENBARE EN DISTRIKSPAD, DISTRIK DELMAS.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Springs, goedgekeur het dat 'n openbare en distrikspad, 50 Kaapse voet breed, sal bestaan oor Prosperity Landbouhoeves, distrik Delmas, ingevolge paragraaf (c) van subartikel (1), paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-022S-23/17.



D.P. 021-022S-23/17

VERWYSING	REFERENCE
PAD GEOPEN	ROAD OPENED
SO K.V.T. BREEDE	50 C.F.T. WIDE
BESTAANDE PAAIE	EXISTING ROADS

Administrateurskennisgewing No. 132.] [10 Februarie 1965.
OPENING.—OPENBARE EN DISTRIKSPAD, DISTRIK VANDERBIJLPARK.


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Vereeniging goedgekeur het dat die pad oor die plaas Holfontein No. 556—I.Q., distrik Vanderbijlpark, ingevolge paragrafe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), 'n openbare en distrikspad met afwissellende breedtes sal wees, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-024-23/34/H-1.

Administrator's Notice No. 132.] [10 February, 1965.
OPENING.—PUBLIC AND DISTRICT ROAD, DISTRICT OF VANDERBIJLPARK.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Vereeniging, that the road traversing the farm Holfontein No. 556—I.Q., District of Vanderbijlpark, shall in terms of paragraphs (b) and (c) of sub-section (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), be a public and district road with varying widths as shown on the sketch-plan subjoined hereto.

D.P. 021-024-23/34/H-1.



D.P. 021-24-23734/H-1

VERWYSING

PAD VERKLAAR

D-R 30 K.VT/R-C 50 K.VT.

BESTAANDE PAAIE

REFERENCE

ROAD DECLARED

D-R 30 C.FT./R-C 50 C.FT.

EXISTING ROADS

Administrateurskennisgewing No. 133.] [10 Februarie 1965.
VOORGESTELDE OPHEFFING VAN UITSPANSERWITUUT.—DE WITSKRAAL No. 86—J.R., DISTRIK WARMBAD.

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens mnr. D. E. J. Erasmus, H. N. Erasmus en R. E. Erasmus om die opheffing van die serwituut ten opsigte van die opgemete uitspanning, groot 31 morg 553 vierkante roede, geleë op die resterende gedeelte van die plaas De Witskraal No. 86—J.R., distrik Warmbad, soos aangetoon op Kaart S.G. No. A.2665/13, is die Administrateur voorneem om ooreenkomsdig paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, No. 22 van 1957, op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Privaatsak 2, Môregloed, Pretoria, skriftelik in te dien.

D.P. 01-014W-37/3/D.6.

Administrateurskennisgewing No. 134.] [10 Februarie 1965.
MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG.—VLEISVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge geld die woordomskrywings in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge vir sover dit van toepassing is, en hierbenewens het die volgende woorde en uitdrukings die onderskeie betekenisse wat hieronder uiteengesit word, tensy dit uit die sinsverband anders blyk:

- „Dier“ beteken enige dier waarvan die vleis vir menslike verbruik geskik is;
- „Direkteur“ beteken die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van Direkteur van die Raad se Afdeling Slagplaas en Veemark beklee of in dié hoedanigheid waarnem;
- „hantering“ beteken ten opsigte van voedsel die vervaardiging, bereiding, verkoop, vervoer, aflewering, opbergung, opdieming of enige ander behandeling of hantering van voedsel;
- „perdevleis“ beteken die vleis van perde, muile, of donkies en dit sluit die vleis van kamale in;
- „perdevleisproduk“ beteken enige voedingsmiddel wat perdevleis bevat;

Administrator's Notice No. 133.] [10 February, 1965.
PROPOSED CANCELLATION OF OUTSPAN SERVICE.—DE WITSKRAAL No. 86—J.R., DISTRICT OF WARMBATHS.

In view of application having been made on behalf of Messrs. D. E. J. Erasmus, H. N. Erasmus and R. E. Erasmus for the cancellation of the servitude in respect of the surveyed outspan, in extent 31 morgen 553 square rods, situate on the remaining extent of the farm De Witskraal No. 86—J.R., District of Warmbaths, as indicated on Diagram S.G. No. A.2665/13, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv), sub-section (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance, No. 22 of 1957.

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Private Bag 2, Môregloed, Pretoria, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 01-014W-37/3/D.6.

Administrator's Notice No. 134.] [10 February, 1965.
JOHANNESBURG MUNICIPALITY.—MEAT BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

Definitions.

1. For the purposes of these By-laws the definitions in the Council's Food-handling By-laws shall be operative so far as applicable, and in addition the following expressions shall, unless the context indicates otherwise, have the meanings hereunder respectively assigned to them:

- “Abattoir” means premises at which the slaughtering of animals is carried out and which have been approved by the Council for that purpose;
- “Act” means the Public Health Act, 1919, as amended from time to time;
- “adequate” and “effective” means adequate or effective, as the case may be, in the opinion of, and “approved” means approved by, the Medical Officer of Health, regard being had to the reasonable public health requirements of the particular case;
- “animal” means any animal the flesh of which is suitable for human consumption;
- “butcher” means a person carrying on the business of selling or otherwise dealing in meat whether by wholesale or by retail;

„perseel” beteken 'n perseel waarin 'n besigheid waarby die hantering van voedsel betrokke is, gedryf word, en omvat iedere gedeelte van 'n perseel wat aldus gebruik word en ook enige perseel wat in verband met so 'n besigheid gebruik word, maar indien eersgenoemde perseel deel uitmaak van 'n gebou, omvat dit nie enige ander gedeelte van die gebou wat nie vir of in verband met bogenoemde besigheid gebruik word nie, en omvat in ieder geval ook nie pakhuise nie, dit wil sê persele wat nie deel uitmaak van voedselhanteringspersele nie, en waarin voedsel by die groot maat in die ongeopende buitehouers of ander verpakkings waarin die fabrikant of ander grootmaatleveransier dit gelewer het, opgeberg word;

„Raad” beteken die Stadsraad van Johannesburg, die Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel *agt-en-vyftig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), No. 40 van 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel, op gesag van die Raad die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

„skoongemaakte afval” beteken tonge, sterte, middelriewe, harslagte, koppe en pote wat afgeslag, en ingewande wat gekrap en skoongemaak is;

„slaghuis” beteken 'n perseel waar vleis uitgestal of opgeberg of verkoop word, maar dit omvat nie 'n perseel waar daar net wors, polonie of gaar of verwelkte vleis verkoop word nie;

„slagplaas” beteken 'n perseel waar diere geslag word en wat die Raad vir dié doel goedgekeur het;

„slagter” beteken iemand wat 'n besigheid dryf waar hy vleis verkoop of andersins daarin handel dryf, hetsy as groothandelaar hetsy as kleinhandelaar;

„toereikend” en „doeltreffend” beteken toereikend of doeltreffend; na gelang van die geval, na die mening van, en „goedgekeur” beteken goedgekeur deur die geneeskundige gesondheidsbeampte, met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes in die bepaalde geval;

„vleis” beteken die vleis of afval, met inbegrip van verkoelde of bevrome vleis of alval, of na gelang van die sinsverband, die karkas, met inbegrip van die verkoelde of bevrome karkas, van enige dier, maar dit omvat nie ingemaakte vleis, vleissmeer of gedroogde vleis of biltong nie;

„Wet” beteken die Volksgezondheidswet, 1919, soos van tyd tot tyd gewysig.

2. Niemand mag 'n dier waarvan die vleis gewoonweg deur mense verbruik word, elders binne die munisipaliteit as in 'n goedgekeurde slagplaas slag nie.

3. (1) Behoudens die bepalings van artikel 5 mag niemand die karkas of vleis van 'n dier, uitgesonderd wild, wat buite die munisipaliteit geslag is, in die munisipaliteit inbring nie, hetsy die vleis of karkas verkoel of bevrome is al dan nie, tensy die dier geslag is in 'n slagplaas wat tot voldoening van die Raad in alle opsigte aan die bepalings van die Wet en aan al die toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, voldoen.

(2) Die Raad kan, vir die toepassing van hierdie artikel, of van artikel 2, weier om 'n perseel wat as 'n slagplaas gebruik word, goed te keur indien die slagplaas na die mening van die Raad nie behoorlik onderhou word nie, en veral nie so onderhou word dat dit in alle opsigte voldoen aan die bepalings van die Wet en alle toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is nie.

(3) Behoudens die bepalings van artikel 5, begaan iemand 'n misdryf as hy 'n dooie dier of vleis van 'n dooie dier wat nie geslag is in 'n slagplaas wat die Raad ingevolge hierdie artikel goedgekeur het nie, of wat geslag is in 'n slagplaas waar die voorwaardes waarop die Raad dit goedgekeur het, oortree is of nie nagekom is nie, in die munisipaliteit inbring.

4. (1) Sonder om af te doen aan die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 en behoudens die bepalings van artikel 5, moet iedereen wat vleis of 'n dooie dier wat

“butcher's ship” means premises at which meat is exposed or stored or sold, but does not include premises at which the only meat sold is sausages, polonies or cooked or processed meat;

“cleaned offal” means tongues, tails, skirts, plucks, heads and feet which have been skinned, and tripe which has been cleaned and dressed;

“Council” means the City Council of Johannesburg, that Council's Management Committee acting under the powers delegated to it in terms of section *fifty-eight* of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, No. 40 of 1960, and any official to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of sub-section (2) of the said section *fifty-eight* to delegate, and has in fact delegated, the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these By-laws;

“Director” means the person from time to time holding the appointment or acting in the capacity of Director of the Council's Abattoir and Livestock Market Department;

“handling” in relation to food means the manufacture, preparation, sale, conveyance, delivery, storage, serving or any other treatment or handling of food;

“horsemeat” means the meat of horses, mules or donkeys and includes the meat of camels;

“horsemeat product” means any article of food containing any horsemeat;

“meat” means the meat or offal, including chilled or frozen meat or offal, or, where the context permits, the carcase, including the chilled or frozen carcase, of any animal but does not include canned meats, potted meats or dried meat or biltong;

“premises” means premises used for the carrying on of a business involving the handling of food and shall include every part of premises so used and also any premises used in connection with the carrying on of the said business, but, where the first-mentioned premises are part of a building, shall not include any other part of the building which is not used for or in connection with the said business, and shall in any event also not include warehouses, that is to say, premises not being part of food-handling premises in which food is stored in bulk in the unopened outer containers or other packing in which it was supplied by the manufacturer or other bulk supplier;

2. No person shall slaughter within the municipality elsewhere than in an approved abattoir any animal the meat of which is ordinarily used for human consumption.

3. (1) Save as provided in section *five*, no person shall introduce into the municipality any meat or carcase, whether or not frozen or chilled, of any animal, other than game, slaughtered outside the municipality unless it was slaughtered in an abattoir as to which the Council is satisfied that it complies in all respects with the provisions of the Act and all relevant regulations made thereunder.

(2) The Council may refuse to approve for the purposes of this section or section 2 any premises used as an abattoir which in the opinion of the Council are not properly maintained and, in particular, which are not maintained in all respects in compliance with the provisions of the Act and all relevant regulations made thereunder.

(3) Save as provided in section 5 any person who introduces into the municipality and dead animal or any meat derived therefrom which has not been slaughtered at an abattoir approved by the Council in terms of this section or which has been slaughtered at an abattoir in respect of which the conditions attached by the Council to its approval thereof have been contravened or not complied with shall be guilty of an offence.

4. (1) Without prejudice to the provisions of subsection (1) of section 3 and save as provided in section 5 every person who introduces any meat or dead animal

vir menslike verbruik geskik is, of wat perdevleis of 'n perdevleiskarkas in die munisipaliteit inbring, dié vleis of dier, tensy die Raad anders gelas, onmiddellik in 'n slagplaas of op 'n ander plek wat die Raad van tyd tot tyd mag aanwys, besorg sodat dit deur of namens die Raad ondersoek en gebrandmerk of gestempel kan word, en iemand wat vleis of 'n dooie dier, soos voornoem, aan iemand anders verkoop, verskaf of aflewer of by 'n slaghuis of op 'n ander plek aflewer of afgee voordat dit gebrandmerk of gestempel is soos dit by hierdie subartikel voorgeskryf word, begaan 'n misdryf: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie in die geval waar daar in enige week vleis of dooie diere wat hoogstens vyftig pond weeg, deur iemand of deur sy dienaar namens hom, vir gebruik deur so iemand of die lede van sy huishouding, in die munisipaliteit ingebring word.

(2) Alle wors en polonie wat in die munisipaliteit ingebring word, moet vergesel gaan van 'n dokument wat deur 'n geneeskundige gesondheidsbeampte of 'n gekwalifiseerde gesondheidsinspekteur onderteken is en waarby daar gesertifiseer word dat die diere waarvan die vleis in die wors of polonie verkry is, in 'n slagplaas geslag is en die wors of polonie in die gebied van die owerheid wat dié slagplaas beheer, vervaardig is.

(3) Niemand mag in die munisipaliteit vleis of 'n dooie dier, uitgesonderd wild, verkoop, te koop aanbied, of vir verkoop uitsluit of op enige wyse afstaan of in sy besit hê nie, tensy dié vleis of dier deur die Raad gebrandmerk of gestempel is as bewys dat dit vir menslike verbruik geskik is.

5. Die bepalings van subartikels (1) en (3) van artikel 3 en van subartikels (1) en (3) van artikel 4 is nie van toepassing nie op die slag van diere binne die munisipaliteit of op die inbring in die munisipaliteit van dooie diere of die vleis van dooie diere met 'n gewig van hoogstens vyftig pond in enige week deur iemand, mits die diere aldus geslag of die dooie diere of vleis aldus ingebring word deur die betrokke persoon of deur sy dienaar namens hom en bedoel is vir gebruik deur so iemand of die lede van sy huishouding.

Die vereistes ten opsigte van persele.

6. (1) Alle slaghuispersele moet voldoen aan die voorskrifte wat in onderstaande subartikels van hierdie artikel vervat is.

(2) Die perseel moet 'n vertrek of 'n afsonderlike en goedgekeurde ruimte bevat waarin die vleis vir verkoop uitgestal en berei word.

(3) Die totale oppervlakte van die vensters en ander openinge van die vertrek of ruimte waarvan daar in subartikel (2) melding gemaak word, moet minstens gelyk wees aan een vyfde van die vloeroppervlakte van dié vertrek of ruimte.

(4) Die oppervlakte van alle rakke, vensterbanke en toonkaste moet uit 'n goedgekeurde gladde, harde en vloeistofdigte materiaal bestaan.

(5) Toonbank- of tafelblaaie waarop vleis berei of gehanteer word, moet wees soos dit by subartikel (22) van artikel 2 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge voorgeskryf word, en hulle moet hierbenewens na gelang van die geval, aangebring word op, of deel uitmaak van, of—

- (a) 'n goedgekeurde koelkastoonbank; of
- (b) stewige stutte wat van 'n goedgekeurde harde en vloeistofdigte materiaal gemaak is en so gerangskik is dat dit 'n onbelemmerde deursig van voor na agter bied; of
- (c) 'n enkele stut wat van baksteen of beton gemaak is en wat solied of hol kan wees; as dit hol is, moet die holte só verseel wees dat knaagdiere en ongedierte nie daaruit in die perseel of uit die perseel daarin kan kom nie; die buitevlakke van dié stut moet in iedere geval gelyk met die rand van die toonbank wees en moet geteel wees of met 'n ander goedgekeurde, harde, gladde en vloeistofdigte deklaag afgewerk wees:

Met dien verstande dat die Raad 'n toonbank van enige ander tipe of bou wat syns insiens aan die openbare gesondhedsvereistes voldoen, kan goedkeur.

suitable for human consumption or horsemeat or horsemeat carcasse into the municipality shall, unless the Council otherwise directs, forthwith submit it for the purposes of examination and branding or stamping by or on behalf of the Council at an abattoir or such other place as the Council may from time to time direct, and it shall be an offence to sell, supply or deliver any such meat or dead animal as aforesaid to any person or to deliver it to or deposit it at any butcher's shop or other place unless it has been branded or stamped as required in terms of this sub-section: Provided that this subsection shall not apply in respect of the introduction into the municipality of meat or dead animals not exceeding 50 pounds in weight in any one week by any person or by his servant on his behalf for consumption by such person or members of his household.

(2) All sausages and polonies introduced into the municipality shall be accompanied by a document signed by a medical officer of health or a qualified health inspector certifying that the animals from which the meat of the sausages or polonies was derived were slaughtered at an abattoir and that they were manufactured in the area of the authority in control of that abattoir.

(3) No person shall within the municipality sell or offer or expose for sale or otherwise dispose of or have in his possession any meat or any dead animal, except game, unless the same has been branded or stamped by the council as being fit for human consumption.

5. The provisions of sub-sections (1) and (3) of section 3 and of sub-sections (1) and (3) of section 4 shall not apply to the slaughtering of animals within the municipality, or to the introduction by a person into the municipality of dead animals or the meat from dead animals not exceeding 50 lbs. in weight in any one week, so long as the animals are so slaughtered or the dead animals or meat are so introduced by the person concerned or by his servant on his behalf for consumption by such person or by members of his household.

Requirements for Premises.

6. (1) In and in respect of the premises of any butcher's shop the requirements set out in the succeeding sub-sections of this section shall be complied with.

(2) The premises shall contain a room or a separate and approved area in which the meat is exposed and prepared for sale.

(3) The total area of the windows and other openings of the room or area referred to in sub-section (2) shall not be less than one-fifth of the floor area thereof.

(4) The surfaces of all shelves, window sills and show cases shall be of approved smooth, hard and impervious material.

(5) The tops of counters or tables on which meat is prepared or handled shall be as prescribed in terms of sub-section (22) of section 2 of the Council's Food-handling By-laws and shall in addition be mounted on, or, as the case may be, form part of, either—

- (a) an approved refrigerated counter; or
- (b) firm supports made of approved substantial and impervious material and so arranged as to afford a clear view from front to back; or
- (c) a single support made of brick or concrete either solid, or if hollow, having the internal cavity so sealed that rodents and vermin cannot escape from it into or gain access to it from the premises and in any case having its external surfaces flush with the edge of the counter and tiled or finished with some other approved hard, smooth and impervious surface:

Provided that the Council may approve any other type or construction of counter as to which it is satisfied that it complies with the requirements of public health.

(6) Die ruimte onder 'n toonbank wat gebou is soos dit in paragraaf (b) van subartikel (5) beskryf word, moet te alle tye heeltemal onbelemmerd wees.

7. Die pakkamer wat ooreenkomsdig subartikels (8) en (9) van artikel 2 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge in die perseel verskaf moet word, moet 'n onbelemmerde vloeroppervlakte van minstens 70 vierkante voet hê: Met dien verstande dat indien enige ander bedryf as 'n slaghuis op of van die perseel af uitgeoefen word, die onbelemmerde vloeroppervlakte van genoemde pakkamer minstens 100 vierkante voet moet wees.

8. Indien daar wors, polonie of ander vleisprodukte vervaardig word, moet daar 'n afsonderlike vertrek of afsonderlike vertrekke of 'n goedgekeurde ruimte wat vir dié doel geskik is, daryoor afgesonder word: Met dien verstande dat biltong in 'n afsonderlike vertrek, en nie in 'n ruimte wat soos voornoem, afgesonder is nie, gemaak of berei moet word.

Die pligte van die handelaar.

9. (1) Iedereen wat 'n slaghuis aanhou of beheer, moet voldoen aan die voorskrifte wat in onderstaande subartikels van hierdie artikel vervat is.

(2) Afval wat nie skoongemaak is nie, moet in 'n vliegdigte struktuur of houer van 'n goedgekeurde grootte, tipe en bou wat op 'n goedgekeurde plek geleë is, gehou word.

(3) Vleis en vleisprodukte moet slegs in 'n koelkamer opgeberg word en vleisprodukte moet slegs in 'n vertrek of ruimte waarna daar in artikel 8 verwys word, vervaardig of berei word.

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (9) van artikel 3 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge kan karkasse of gedeeltes daarvan in 'n slaghuis uitgestal word met die doel om dit te hanteer en te verkoop, mits dit agter toonbanke of op 'n ander plek waar die publiek nie darmee in aanraking kan kom nie, aan metaalhakke hang.

(5) Saagsels moet slegs op die vloer van 'n koelkamer of in drupbakke onderkant hangrelings gestrooi of gegooi word.

(6) Indien saagsels kragtens die bepalings van subartikel (5) in die perseel gebruik word, moet dit minstens een keer op iedere werksdag deur vars, skoon saagsels vervang word.

(7) Indien daar in die perseel afval skoongemaak, koppe oop- of aan stukke gekap of gesaag word, of vet uitgebraai word, moet dit slegs geskied in vertrekke wat uitsluitlik vir die onderskeie doeleindes afgesonder van uitgehou word; die vloere van dié vertrekke moet só skuins gemaak wees dat alle vloeistowwe daarvan kan afloop na 'n rioolput buite wat met 'n riol of met 'n ander toereikende en doeltreffende toestel vir die wegruiming van genoemde vloeistowwe, verbind moet wees: Met dien verstande dat vet in 'n goedgekeurde ruimte wat vir dié doel afgesonder is, uitgebraai kan word, mits dit te alle tye ooreenkomsdig die bepalings van die Raad se Verordeninge Betreffende Aanstaotlike Bedrywe en van die Raad se Dorpsaanlegskemas geskied.

(8) Geen perdevleis mag verkoop, te koop of andersins aangebied of gehou word in 'n perseel of 'n gedeelte van 'n perseel waarin ander vleis wat vir menslike verbruik geskik is, verkoop, te koop of andersins aangebied of gehou word nie.

Biltong.

10. (1) Die voorskrifte wat in onderstaande subartikels van hierdie artikel vervat is, moet by die maak, bereiding of ander hantering van biltong wat vir verkoop bedoel is, nagekom word.

(2) Biltong moet slegs in 'n slaghuis of 'n mondvooraadfabriek wat vir dié doel gelisensieer is, gemaak of berei word.

(3) Indien daar in die perseel van 'n slaghuis biltong gemaak of berei word, moet dit slegs geskied in 'n afsonderlike vertrek of ruimte soos dié waarna daar in artikel 8 verwys word, en sodanige vertrek of ruimte moet 'n onbelemmerde vloeroppervlakte van minstens 70 vierkante voet hê en geen afmeting daarvan moet minder as sewe voet wees nie.

(4) Geen biltong mag in 'n perseel vir verkoop uitgestal word nie, tensy dit heeltemal in 'n omhulsel toe is en die naam en adres van die fabriek of ander plek waar dit gemaak of berei is, en die soort dier waarvan dit verkry is, met 'n etiket of op 'n ander wyse duidelik op die omhulsel daarvan aangegee word.

(6) The space beneath a counter constructed as described in paragraph (b) of sub-section (5) shall be kept at all times completely free and unobstructed.

7. The storeroom to be provided on the premises in accordance with sub-sections (8) and (9) of section 2 of the Council's Food-handling By-laws shall have an unobstructed floor area of at least 70 square feet: Provided that if any trade other than that of a butcher's shop is conducted on or from the premises the unobstructed floor area of the said store-room shall be not less than 100 square feet.

8. Where sausages, polonies or other meat products are made, a separate room or rooms, or an approved area, suitable for that purpose shall be set aside: Provided that the making or processing of biltong shall take place in a separate room, and not in an area, set aside as aforesaid.

Duties of Trader.

9. (1) The requirements specified in the succeeding sub-sections of this section shall be complied with by every person carrying on or in control of the business of a butcher's shop.

(2) Offal which has not been cleaned shall be kept in a fly-proof structure or container of approved size, type and construction and situated in an approved position.

(3) Meat and meat products shall not be stored elsewhere than in a cool chamber and meat products shall not be made or prepared elsewhere than in a room or area as referred to in section 8.

(4) Notwithstanding the provisions of sub-section (9) of section 3 of the Council's Food-handling By-laws it shall be lawful to expose carcasses or parts thereof in a butcher's shop for the purpose of their being handled and sold so long as they are hung on metal hooks behind counters or in such other position as shall render contact therewith by members of the public impossible.

(5) No sawdust may be strewn or placed anywhere except on the floor of a cold-room or in drip-trays beneath hanging rails.

(6) Sawdust used on the premises as permitted in terms of sub-section (5) shall be replaced by fresh, clean sawdust at least once during every working day.

(7) If offal is cleaned or heads are split or chopped or fat is rendered on the premises the said operations shall only be carried out, respectively, in a room set apart or reserved for those purposes exclusively the floor of which shall be so graded that all liquids can run freely therefrom and be drained to an outside gully which shall be connected to a sewer or to other adequate and effective means for the disposal of the said liquids: Provided that the operation of rendering fat may be carried out in an approved area set apart for that purpose and shall in all cases be subject to the provisions of the Council's Offensive Trades By-laws and to its Town-planning Schemes.

(8) No horsemeat may be sold, offered for sale or disposal, or kept on any premises on which or part of which any other meat suitable for human consumption is sold or offered for sale or disposal, or kept.

Biltong.

10. (1) The requirements specified in the succeeding sub-sections of this section shall be observed in respect of the making, processing or other handling of biltong for sale.

(2) Biltong may only be made or processed in a butcher's shop or a provision factory licensed for that purpose.

(3) The making or processing of biltong on the premises of a butcher's shop shall only take place in a separate room or area as referred to in section 8 having in addition an unobstructed floor area of not less than 70 square feet and no dimension less than seven feet.

(4) No biltong may be exposed for sale in any premises unless it is entirely wrapped and the wrapping is labelled or otherwise clearly marked with the name and address of the factory or other place at which it was made or processed and with a statement of the species of animal from which it has been derived.

11. (1) Persone wat in 'n slaghuis, hetsy as werkneemers van andersins werkzaam is, en wat in onderstaande subartikels van hierdie artikel genoem word, moet die beskermklere dra wat by dié subartikels voorgeskryf word.

(2) Persone wat karkasse of dele daarvan aan stukke sny, kap of saag, bestellings opmaak, of wors, polonie en ander vleisprodukte vervaardig, moet toegeknoopte oorjasse of oorklere van 'n goedgekeurde materiaal en kleur, en hierbenewens ook die voorskoot wat in die slagersberoep gebruiklik is, dra.

(3) Iedereen wat karkasse, flanke of kwarte dra, moet 'n skoon oorjas met 'n behoorlike kap wat van olikekleed of van 'n ander goedgekeurde, vloeistofdigte materiaal gemaak is, dra.

(4) Niemand mag vleis wat by die klein maat verkoop is, van 'n slaghuis af by die perseel van 'n koper gaan aflewer nie, tensy daar ten opsigte van dié vleis voldoen is, of voldoen word aan die bepalings van subartikel (17) van artikel 3 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge.

12. Daar moet vir die vervoer van vleis van 'n perseel af, 'n omhulsel soos dit by subartikel (17) van artikel 3 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge voorgeskryf is, verskaf word, en ook 'n binne-omhulsel wat uit vetpapier of 'n ander goedgekeurde vloeistofdigte materiaal bestaan.

13. Geen vleis mag op of oor 'n openbare plek of op straat vervoer word nie, tensy dit op toereikende wyse bedek is met 'n skoon en heel oortreksel wat van 'n goedgekeurde sterk en vloeistofdigte materiaal gemaak is, sodat die vleis nie met enige stof of vullis in aanraking kan kom nie.

14. (1) Geen afval mag op of oor 'n openbare plek of op straat vervoer word nie, tensy dit in 'n kis of ander houer wat in iedere geval aan die voorskrifte van paragraaf 2 van die bylae by hierdie verordeninge voldoen, of in 'n afsonderlike afskorting van 'n voertuig is wat op doeltreffende wyse verhoed dat die afval met ander vleis in aanraking kom.

(2) Skoongemaakte afval mag nooit met afval wat nog nie skoongemaak is nie, in aanraking kom nie.

15. Daar moet op doeltreffende wyse verhoed word dat die afdrupsels van karkasse of van enige gedeelte daarvan, op die vlak van 'n straat of openbare plek of van 'n werf daar langsaan te lande kom, en alle afdrupsels wat wel daar te lande kom, moet so gou doenlik verwijder word.

Voertuie.

16. (1) Na verloop van twaalf maande van die datum af waarop hierdie verordeninge aangekondig is, mag niemand binne die munisipaliteit karkasse of vleis wat nie toegedraai is nie, in die gewone beloop van die handel, karwei of vervoer nie en dit veral nie van 'n slagplaas of slagplek na 'n depot, opbergplek of 'n ander perseel wat behoort aan 'n groothandelaar in vleis of van so 'n perseel af na 'n slaghuis karwei of vervoer nie, tensy dit geskied in 'n voertuig wat voldoen aan die voorskrifte wat in die Bylae by hierdie verordeninge uiteengesit word.

(2) 'n Voertuig wat net gebruik word om huide, velle en pote wat nie skoongemaak is nie, te vervoer, hoef nie aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen nie, maar moet aan die volgende voorskrifte voldoen:—

- (a) Die binnevlekke van die laaigedeelte van die voertuig moet aan die voorskrifte van paragraaf 2 van die bylae by hierdie verordeninge voldoen, en moet daarbenewens glad wees en nie riffsels of ander belemmeringe he wat stof kan vergader nie, en moet veral nie uit die rooster bestaan nie.
- (b) Die laaigedeelte van die voertuig moet voorsien wees van uitlate soos dit by subparagraph (1) van paragraaf 3 van die bylae voorgeskryf word.
- (c) Alle vooëe of nate aan die binne- of buitekant van die laaigedeelte van die voertuig, uitgesonderd dié tussen dele wat met betrekking tot mekaar beweegbaar is, moet op 'n doeltreffende wyse verseël wees.
- (d) Daar moet slegs met die voertuig op 'n openbare plek gery word as die vrag daarop toereikend bedek is, en wanneer die vrag op so 'n plek afgelaai word, moet daar op enige tydstip net soveel daarvan ontbloot word as wat nodig is ten einde die aflaaiwerk te kan doen.

11. (1) The protective clothing prescribed in the succeeding sub-sections of this section shall be worn by the persons mentioned in those sub-sections engaged in the business of a butcher's shop whether as employees or otherwise.

(2) Persons engaged in the cutting up of carcasses or parts thereof, in making up orders or in the making of sausages, polonies and other meat products shall wear a buttoned coat or overalls of approved material and colour and, in addition, the apron customary in the butcher's trade.

(3) Persons engaged in conveying carcasses, sides or quarters shall wear a clean properly hooded overall of oilskin or other approved impermeable material.

(4) No person may deliver meat sold by retail from a butcher's shop to the premises of the buyer unless the provisions of sub-section (17) of section 3 of the Council's Food-handling By-laws have been and are complied with in respect of that meat.

12. There shall be provided for the conveyance of meat away from the premises an outer wrapping as prescribed in terms of sub-section (17) of section 3 of the Council's Food-handling By-laws and also an inner wrapping of greaseproof paper or other approved impermeable material.

13. No meat may be conveyed or transported in or through any public place or street unless it is adequately protected from contact with dust or dirt of any kind by means of a clean cover in good repair and made of approved stout and impermeable material.

14. (1) No offal shall be conveyed in or through any public place or street unless it is completely enclosed in a box or other container, in each case complying with the requirements of paragraph 2 of the schedule to these By-laws, or in a separate compartment of a vehicle which effectively prevents contact between it and other meat.

(2) No cleaned offal shall be allowed at any time to come into contact with offal which has not been cleaned.

15. Effective measures shall be taken to prevent drippings from carcasses or part thereof from reaching the surface of a street or any public place or of any yard adjacent thereto, and any drippings reaching any such surface shall be as soon as reasonably possible be cleared away.

Vehicles.

16. (1) After 12 months from the date of promulgation of these by-laws, no person shall within the municipality convey or transport, in the course of trade, any carcasses or unwrapped meat, and in particular shall not so convey or transport them or it from an abattoir or slaughter house to any depot, place of storage or other premises belonging to any wholesale trader in meat or from any such premises to any butcher's shop, otherwise than in a vehicle which complies with the requirements specified in the schedule to these by-laws.

(2) A vehicle used only for the conveyance of hides, skins and uncleaned feet shall not be required to comply with the provisions of sub-section (1) but it shall comply with the following requirements:—

- (a) The internal surfaces of the load-carrying part of the vehicle shall conform to the requirements of paragraph 2 of the schedule to these by-laws and shall be smooth and free from ribs and other obstructions round which dirt is liable to gather and shall, in particular, not consist of a grill.
- (b) The load-carrying part of the vehicle shall be fitted with discharge outlets as prescribed in terms of sub-paragraph (1) of paragraph 3 of the schedule.
- (c) All joints on the inside or the outside of the load-carrying part of the vehicle save those between parts movable in relation to one another shall be effectively sealed.
- (d) The vehicle shall only be driven in a public place with its load adequately covered and when it is being unloaded in such a place no more of the load shall be uncovered at any one time than is necessary for the unloading.

(e) Die voertuig moet voldoen aan die voorskrifte van subparagraaf (2) van paragraaf 3 van die bylae.

17. (1) Die bykomende en spesiale bepalings wat in onderstaande subartikels van hierdie artikel vervat is, is van toepassing op perdevleis of perdevleisprodukte en op persele waar perdevleis of perdevleisprodukte verkoop, te koop aangebied, vir verkoop uitgestal of gehou word.

(2) 'n Slaghuis waarin perdevleis of perdevleisprodukte verkoop, te koop aangebied, vir verkoop uitgestal of daar gehou word, moet geheel en al geskei wees van alle ander persele, en veral mag geen gedeelte van 'n perseel wat vir of in verband met so 'n slaghuis gebruik word, vir of in verband met 'n slaghuis waarin ander vleis of vleisprodukte verkoop, te koop, vir verkoop uitgestal of daar gehou word, gebruik word nie.

(3) Daar moet op 'n opvallende plek buite die perseel naby iedere ingang van die straat af, in duidelik leesbare letters, minstens ses duim groot, die woorde „SLEGS PERDEVLEIS/HORSEMEAT ONLY“ aangebring word, en in dié gedeelte van die slaghuis waar klante bedien word, moet dieselfde woorde in duidelik leesbare letters, minstens vier duim groot, op 'n plek waar hulle dit maklik kan sien, aangebring word.

(4) Die woorde "PERDEVLEIS/HORSEMEAT" of "PERDEVLEISPRODUK/HORSEMEAT PRODUCT", in letters, minstens een duim groot, moet op iedere pakkie wat perdevleis of 'n perdevleisprodukt bevat, of op 'n etiket daaraan, aangebring word.

(5) Alle perdevleisprodukte moet duidelik met die woorde "VAN PERDEVLEIS VERVAARDIG/MADE FROM HORSEMEAT" gemerk of geëtiketteer word en die naam en adres van die fabrikant van die produk moet ook in die merk of op die etiket voorkom.

(6) Geen perdevleis of perdevleisprodukt wat nie verkry is van 'n dier wat in 'n goedgekeurde slagplaas geslag is nie, mag in die perseel verkoop, te koop aangebied of vir verkoop uitgestal word of daar gehou word nie.

(7) Die woorde "PERD/HORSE" moet opvallend op alle perdevleis gestempel word.

(8) Iedere perdevleiskarkas moet so gou doenlik nadat die betrokke dier geslag is, na 'n perdevleisslaghuis verwyder word, en geen perdevleis mag elders as in 'n perdevleisslaghuis of 'n perdevleisfabriek geplaas of toegelaat word, of mag in 'n koelkas of koelkamer waarin daar enige ander soort vleis is, geplaas word nie.

(9) Na verloop van twaalf maande van die datum af waarop hierdie verordeninge aangekondig is, moet perdevleis net in die munisipaliteit vervoer word met 'n voertuig wat aan die bepalings van artikel 16 en van die bylae by hierdie verordeninge voldoen.

(10) Geen voertuig wat vir die vervoer van perdevleis gebruik word, mag vir die vervoer van enige ander vleis gebruik word nie.

(11) Daar moet op albei sykante van 'n voertuig waarvan perdevleis vervoer word, die woorde "PERDEVLEIS/HORSEMEAT" in duidelik leesbare letters, minstens vier duim groot, op 'n opvallende plek aangebring word.

18. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of nalaat om dit na te kom, laat oortree of toelaat of duld dat iemand dit oortree of nalaat om dit na te kom, begaan 'n misdryf, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 (honderd rand).

(2) Wanneer daar ingevolge hierdie verordeninge in of ten opsigte van 'n slaghuis of 'n voertuig 'n misdryf begaan is, word daar geag dat die eienaar of persoon in beheer van dié slaghuis of voertuig, dié misdryf begaan het, tensy hy bewys dat hy nie daarvan bewus was of kon geweet het dat dit begaan word of waarskynlik begaan sal word nie, en dat hy redelike sorg aan die dag gelê het om dit te voorkom.

19. Die Raad se Voedselhanteringsverordeninge is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n slaghuis en op die hantering van vleis, en mits dit niestrydig is daarmee nie, vul die bepalings van hierdie verordeninge dié van genoemde Voedselhanteringsverordeninge aan, en doen nie daaraan af nie.

(e) The requirements of sub-paragraph (2) of paragraph 3 of the schedule shall be observed in respect of the vehicle.

17. (1) The additional and special provisions contained in the succeeding sub-sections of this section shall be applicable in respect of horsemeat or horsemeat products or to premises on which horsemeat products are sold, offered or exposed for sale or kept.

(2) A butcher's shop in which horsemeat or any horsemeat product is sold or offered or exposed for sale or kept shall be entirely separate from any other premises, and in particular no part of any premises used for or in connection with such a shop may be used for or in connection with a butcher's shop in which any other meat or meat product is sold or offered or exposed for sale or kept.

(3) There shall be exhibited outside the premises in a conspicuous position near every entrance from the street and in clear letters at least six inches high the words "HORSEMEAT ONLY/SLEGS PERDEVLEIS" and in that part of the shop in which customers are served the same words shall appear in clear letters at least four inches high in a position easily visible to them.

(4) Every package containing horsemeat or any horsemeat product shall be marked or labelled in letters at least one inch high with the words "HORSEMEAT/PERDEVLEIS" or "HORSEMEAT PRODUCT/PERDEVLEISPRODUK".

(5) Every horsemeat product shall be clearly marked or labelled: "MADE FROM HORSEMEAT / VAN PERDEVLEIS VERVAARDIG" and the marking or label shall include the name and address of the maker of the product.

(6) No horsemeat or horsemeat product shall be sold or offered or exposed for sale or kept on the premises which was not derived from an animal slaughtered in an approved abattoir.

(7) All horsemeat shall be stamped conspicuously with the words "HORSE/PERD".

(8) Every carcase of horsemeat shall as soon as possible after slaughter of the relevant animal be removed to a horsemeat butcher's shop, and no horsemeat shall be placed or allowed to be elsewhere than in a horsemeat butcher's shop or horsemeat factory or shall be placed in any refrigerator or cold-room containing any other kind of meat.

(9) Within twelve months after the promulgation of these by-laws, no horsemeat shall be conveyed in the municipality otherwise than by a vehicle complying with the provisions of section 16 and the schedule to these by-laws.

(10) No vehicle used for the conveyance of horsemeat may be used for the conveyance of any other kind of meat.

(11) A vehicle used for the conveyance of horsemeat shall be marked on each of its sides with words "HORSEMEAT/PERDEVLEIS" written in clear letters at least four inches high in a conspicuous position.

18. (1) Any person who contravenes or fails to comply with, or causes, permits or suffers any other person to contravene or fail to comply with, any provisions of these by-laws shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction thereof to a penalty not exceeding R100 (one hundred rand).

(2) When an offence has been committed in terms of these by-laws in or in respect of any butcher's shop or any vehicle the owner or person in control of that shop or vehicle shall be deemed to have committed that offence unless he proves that he did not know and had no means of knowing that it was being or was likely to be committed and that he exercised reasonable diligence to prevent it.

